BEACON
CHURCH




IN LIEFDE & GEHOORSAAMHEID AAN JESUS

081 804 5508 | WWW.BEACON.ORG.ZA



# WAARDES

Ons het vyf fundamentele, noodsaaklike waardes wat alle Advance vennootkerke gretig omhels. Die plaaslike toepassing van hierdie waardes verskil egter van kerk tot kerk, afhangende van die oortuiging van die plaaslike ouderlinge en hul konteks. Alhoewel ons baie dinge waardeer (sien die bladsy wat volg), het ons hierdie vyf waardes gekies as ons 'Groot 5'. Dit is nie net omdat ons glo hierdie vyf waardes baie belangrik is nie, maar omdat die samevoeging daarvan ons uniek maak.

## EVANGELIE-GESENTREERD

"Evangelie-gesentreerd" verwys na die Bybelse filosofie van bediening waar die evangelieboodskap die middelpunt van alle bedieninge bly, hetsy vir gelowiges of ongelowiges. Geloof in die evangelie maak dit moontlik vir ons om God se koninkryk binne te gaan; dit is ook hoe ons vordering maak in die koninkryk. Die goeie nuus van die evangelie - dat ons gered kan wees van God se oordeel – bevat beide die krag en motivering vir redding, en alles binne verlossing. Ons begeer dat plaaslike kerke gelowiges en ongelowiges sal help om die evangelie toenemend op elke terrein van hul lewens te glo en toe te pas.

## MISSIE-GEFOKUS

Ons is oortuig dat God se intensie vir kerke uitwaarts gefokusde sendingagentskappe moet wees (beide plaaslik en wêreldwyd); en dat alle gelowiges vissers van mense sal wees. Daarom hoop ons dat plaaslike kerke, lidmate so sal toerus en inspireer dat hulle mense vir Christus kan wen. Maar ook dat die kerkgemeenskap sending wyer sal maak deur middel van samelewingsdienende inisiatiewe en kerkplanting.

## DISSIPELMAAK

Omdat Jesus self dissipels gemaak het en alle gelowiges opdrag gee om dissipels te maak, is ons hoop dat elke gelowige 'n dissipelmakende dissipel sal wees. Ons hoop is dat plaaslike kerke aktief dissipels sal maak wat Jesus ken, liefhet en gehoorsaam. Kursusse en hulpmiddels kan help, maar dissipelskap vind plaas deur doelbewuste verhoudings, sowel as via kleingroepe wat dit prioritiseer.

## GEES-BEMAGTIG

Ons glo dat plaaslike kerke met ywerigheid en wysheid na God se teenwoordigheid, krag, vrug en geestelike gawes sal streef, soos in die Bybel verwys word. Ons glo ook dat alle gelowiges getrou moet wees aan die Bybelse oproep om met die Gees vervul te word en lewenslank vervul te bly.

## OUDERLINGE

Ons glo dat kerke gelei moet word deur 'n geroepe en bekwame span ouderlinge met 'n spanleier wat "eerste onder gelykes" is. Hierdie span ouderlinge moet die kerk liefdevol bewaak, lei en regeer. Ouderlinge is die hoogste menslike gesag oor 'n plaaslike kerk. Ons moedig ouderlinge aan om met trans-plaaslike predikante in verbinding te tree om hulle te help om hulle roeping te vervul.

IN LIEFDE & GEHOORSAAMHEID AAN JESUS

BEACON CHURCH




## OUDERLINGE (continued)

Die Bybelse verwagting is dat ouderlinge manlik is. Ons glo in Bybels gekwalifiseerde, manlike, ouderlingskap. In vennootkerke word alle mans en vroue aangemoedig om in hul gawes te floreer - insluitend leierskapsgawes - maar slegs 'n paar mans sal kwalifiseer opgronde van hulle karakter en gawes om in die amp van ouderling te dien.

Terwyl ons saamwerk rondom soortgelyke leerstellings en waardes (soos ons waarde van komplementariteit), word ouderlingspanne aangemoedig om die detail uit te werk van hoe hierdie waardes in ons kerk uitgedruk word. In alle vennootkerke is ouderlinge byvoorbeeld verantwoordelik vir rigtinggewende, gesaghebbende prediking, maar soms, oor pertinente temas, sal sommige kerke vroue toelaat om met die versamelde kerk laat praat.

Net so het al ons vennootkerke 'n waarde daarvan dat ouderlinge en hul vrouens sinvol saam in die bediening betrokke is, beide in hul plaaslike kerk en in ons breër vennootskappe. Natuurlik is daar geen amp van "vrou van ouderling" nie, maar as 'n ouderling se vrou nie die kerk in haar hart dra nie, sal dit vir hom moeilik wees om effektief as ouderling te funksioneer en sal dit waarskynlik druk op hul huwelik plaas. Presies hoe dit lyk en uitgewerk word, sal van kerk tot kerk en van paartjie tot paartjie verskil – Beacon probeer nie wetgewing in hierdie sake maak nie.

Kerke wat vennootskap met ADVANCE beweging van mense saam ondersoek, vra dikwels oor ander dinge wat ons baie waardeer. Hulle vra ook na die "gevoel" wat ons dink 'n Nuwe Testamentiese tipe kerk in vandag se wêreld sou hê. Vir hierdie doel is hier nog vyftien Bybelse waardes wat ons kerke hartlik aanmoedig en probeer help om na te streef.

1. Geniet God se genade en soewereiniteit
2. Bemoediging van geloofsvervulde wedervaringe
3. Prioritisering en prediking van die Bybel
4. Aanbid heelhartig
5. Prioriteit van gebed
6. Kweek van 'n familiekultuur
7. Vier diversiteit
8. Koester 'n gesonde huislike lewe
9. Blink uit in finansiële vrygewigheid
10. Waarneming van gelowiges se doop en nagmaal
11. Modellering van dienaar-leierskap
12. Strewe na maatskaplike vernuwing
13. Om barmhartigheid lief te hê en reg te laat geskied
14. Die eer van ander kerke
15. Betekenisvolle wyer vennootskap

IN LOVE & OBEDIENCE TO JESUS

BEACON CHURCH